Krieket

Hoërskool Swartland het ‘n trotse krieket geskiedenis wat oor dekades strek. Die legendes van die laat 80’s en vroeë 90’s sal lank in ons krieket arnale onthou word.

Ons krieket het in die afgelope paar jaar ‘n oplewing ervaar en ons spog tans met 3 onder 19 spanne en 2 onder 15 spanne.

Gedurende die 2016-krieketseisoen het HSS met O/15- en O/19-spanne in die Bolandse Superliga B en die Wes-Bolandliga deelgeneem. Ten spyte van die feit dat die spanne teen groot skole gespeel het, het hulle goed gevaar.

Ons 1ste span het aan die jaarlikse KFC Punt Krieketfees deelgeneem. Dit is die eerste jaar wat hierdie toer onderneem is en ons sal in die toekoms ons seuns weer die geleentheid gee om hul vaardighede by hierdie toernooi uit te stal.

KFC sogood
KFC Mosselbaai
Punt Krieketfees

KFC sogood
KFC Mosselbaai
Punt Krieketfees

Verskeie van ons spelers het Wes-Boland verteenwoordig in die streekwedstryde en die volgende spelers is opgeneem in die winter oefengroepe.

Boland O/17

Siphe Kobo

Boland O/17 Platteland

Athabile Breakfast

Andru Serdyn

Nicol van Schalkwyk

Ons sien baie uit na die komende seisoen. Ons vertrou dat dit vol hoogtepunte sal wees en ons wil graag alle borge, belangstellendes en ouers bedank vir hul ondersteuning gedurende die jaar.